## 28 Desember - YWER

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:3-14**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:8**

Iemand wat met groot ywer die Here dien, is iemand wat geesdriftig is in sy godsdiens. Geesdrif en ywer in jou godsdiens laat jou geestelik groei. Dit help jou om Jesus Christus beter te leer ken, die Woord te lees en te verstaan en God te dien met jou hele hart, siel en liggaam.

Petrus sê aan sy lesers dat God, deur sy Goddelike krag, aan ons alles geskenk het wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit beteken: in Christus word aan die gelowige die lewe geskenk, en daarby alles wat nodig is vir die instandhouding en groei van die lewe, deur die Heilige Gees – die goddelike krag van God.

Dit is die grootste geskenk wat elke gelowige van God ontvang het. Dit is die bewys dat God jou as gelowige geroep en gekies het.

Besef jy nog wat al hierdie skatte en gawes vir jou as gelowige beteken? Dit beteken dat Jesus Christus aan die kruis vir jou gesterf het vir jou sonde. Dit beteken ook dat Jesus Christus sy Gees aan jou gegee het om in jou te woon.

Deur die werking van die Heilige Gees in jou hart word jy versterk in jou geloof en kan jy in liefde voor God en jou naaste lewe. Petrus sê in vers 8: *"As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken."*

Nou is die vraag: Wat maak jy met al hierdie genadegawes? Petrus sê aan sy lesers in vers 8: *"Daarom, broers, moet julle jul des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het."* Ons as gelowiges moet met ywer en geesdrif die Here dien. Ons moenie verskonings maak wanneer die kerk en die Here ons nodig het nie.

Nee, indien jy vol ywer is vir die Here se diens, sal jy altyd bereid wees om jou tyd, jou geld en talente in sy diens aan te wend.

*Sing: Psalm 89:6 (1936-beryming)* *Ds PJ van der Walt (Ladybrand-Tweespruit)*